
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## MEI/JUNIE 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en twee punte elk wat toegeken word (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte wat toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

____________ . ____________________________ . __________________________
__________________________________________________ . __________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. (32/50)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, sal daar dus sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50 PUNTE

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; min poging om die opstel te struktureer = 7–13


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA NÁ DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG (1945) TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) GELEI?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*
- '… hulle uitbreidingsdrang (groei)' (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – L1]*
- ‘n Denkbeeldige lyn wat Oos-Europa (kommunisties) en Wes-Europa (kapitalisties) geskei het nadat Stalin sy invloedsfeer na Oos-Europa versprei het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*
- '…Warskou …'
- '… Berlyn …'
- '… Praag …'
- '… Wene …'
- '… Boedapest …'
- '… Belgrado …'
- '… Boekarest …'
- '… Sofia' (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*
- Vrees vir totalitêre beheer van Oos-Europa deur kommunistiese partye
- Vrees vir die verspreiding van kommunisme na Wes-Europa
- Omdat kommunistiese partye besig was om in Oos-Europese lande gewild te word
- Kommunisme het as 'n dominante ideologie oor kapitalisme na vore gekom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Bepaling van die betroubaarheid van Bron 1A – L3]*
**Die bron is BETROUBAAR want:**

- Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat deur Sir Winston Churchill gelewer is
- Churchill het die toespraak as voormalige die Britse Eerste Minister gelewer
- Dit is op 5 Maart 1946 gelewer – dit was tydens die skep van invloedsfere – onmiddellik ná die Tweede Wêreldoorlog
- Die 'Ystergordyn'-toespraak het die oorsprong van die Koue Oorlog tussen die kommunistiese Ooste en die kapitalistiese Weste aangedui/aangewys
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2
1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*
**Stalin word uitgebeeld as**:

- 'n Ekspansionis / imperialis / agressor wat probeer om eensydig beheer oor Europa te verkry.
- 'n Taktikus wat Europa stelsematig oorneem
- Kragdadig/Sterk deur Oos-Europese lande in die hande te kry (te gryp) met die bedoeling om kommunisme na die Weste te versprei/dreigend / intimiderend
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Ontleding van bewyse uit Bron 1B – L2]*
(a)
- Die Amerikaanse Kongres het finansiële hulp (Marshall-plan) aan Griekeland en Turkye toegeken om 'n kommunistiese oorname te keer
- Die kommunistiese partye in Griekeland en Turkye is deur die demokratiese regeringsweermagte, wat deur die Weste ondersteun is, oorweldig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)
- Kommunistiese partye het nog nie die regering in Frankryk oorgeneem nie want hulle was nog in die minderheid
- Amerika het die Truman-leer en die Marshall-plan gebruik om Frankryk militêr en ekonomies te versterk sodat dit nie onder kommunistiese beheer sou kom nie
- Frankryk was steeds aan die Westerse kant van die Ystergordyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3
1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*
- '… George Marshall …' (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*
- '… daarop aanspraak gemaak dat hulle onder erge Sowjet-druk was …'
- '… nie hulle eie oorlewing kon waarborg nie' (2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – L2]*
- Om die wetgewers te oortuig om Griekeland en Turkye te ondersteun was baie moeilik – dit was soos oorlog
- 'n Besluit om Griekeland en Turkye by te staan (steun) was 'n saak van lewe of dood
- Indien die administrasiebeamptes nie daarin kon slaag om die wetgewers te oortuig om Griekeland en Turkye by te staan nie, sou die hele kapitalistiese wêreld vernietig word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*

- 'die krisis in suidoos-Europa nie 'n plaaslike onderonsie (klein bakleiery) was nie, maar een wat die twee Koue Oorlog-magte betrek het'
- 'Die Sowjette was besig om Turkye en Griekeland onder druk te plaas.'
- ' 'n Groot gedeelte van die Vrye Wêreld was op die spel. As Griekeland kommunisties sou word, sou die korrupsie almal na die oostekant van Griekeland besmet (beïnvloed). Dit sou ook Afrika, deur Klein-Asië, en Europa, deur Italië en Frankryk, beïnvloed.'
- 'Slegs Amerika het in die pad van 'n kommunistiese aanslag (aanval) gestaan, wat, indien dit suksesvol sou wees, vryheid sou onderdruk en alle hoop op ekonomiese herstel in dele van drie kontinente sou vernietig.'

(enige 2 x 1) (2)

1.4. *[Vergelyking van bewyse in Bron 1A en 1C om ooreenkomste te bepaal – L3]*

- Bron 1A dui aan dat die belowende toekoms wat deur die Geallieerde oorwinning in die vooruitsig gestel is, deur kommunistiese ekspansionisme bedreig word en Bron 1C verklaar dat die meerderheid van die vrye mense regoor die wêreld die slagoffers gaan wees/Beide bronne demomstreer hoe kommumisme mense regoor die wereld gedreig het
- Bron 1A verwys na lande wat onder 'n baie hoë mate van beheer van Moskou geplaas is en Bron 1C verwys na Griekeland en Turkye wat onder erge Sowjet-druk geplaas word wat hulle oorlewing bedreig/Beide bronne wys dat die Sowjette beheer oor hul mededingers wou hê deur kommunisme te versprei.
- Bron 1A dui aan dat die Russies-gedomineerde (kommuniste Beide bronne demonstreer hoe kommunisme mense regoor die wereld n bedreigin) Poolse regering het verkeerdelike indringing in Duitsland gemaak en Bron 1C verwys na die korrupsie van kommunisme wat na die Weste en ander kontinente kan versprei/Beide bronne het aangetoondat die versreidingvan kommunisme regoor die weste versrei het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyuit Bron 1D – L1]*

- '… Tsjeggo-Slowakye …'
- '… Pole …' (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- '… Stalin het die Amerikaanse aanbod as 'n uitdaging teen sy invloedsfeer beskou' (1 x 1) (1)

1.5.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 1D – L2]*

- Implementering van Stalin se diktatorskap en eliminering van opposisie in die Oos-Europese lande wat na die Tweede Wêreldoorlog kommunisme gevolg het
- 'n Proses deur Oos-Europese lande wat die beleide en praktyke van die Sowjet-leier Joseph Stalin aangeneem het of wat gedwing is om dit aan te neem
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – L2]*

- Hulle het die wreedheid van die Sowjetunie deur die magsgreep en die bou van die Berlynse Muur openbaar (onthul)
- Hulle het die diktatorskap (totalitêre beheer) van die kommuniste openbaar
- Die Sowjet Unie was die oorsaak van ekonomiese ellende vir die twee lande (Tsjeggo-Slowakye en Oos-Duitsland/Oos-Berlyn) veroorsaak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante Bron – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het Stalin in die geheim begin om die stigting van kommunistepartye in Oos-Europa te beïnvloed (eie kennis)
- Churchill was geskok deur die uitbreiding van die Sowjet-invloedsfeer oor Oos-Europa (Bron 1A)
- Sowjet-Rusland het ferm beheer oor hulle state gehad, tot só 'n mate dat die Weste gesien het dat demokrasie in daardie lande besig was om uit te sterf (Bron 1A)
- Diegene wat in lande was wat deur kommunisme beïnvloed is, het elke geleentheid gebruik om na die Weste oor te loop as gevolg van politieke en ekonomiese swaarkry (eie kennis)
- Aggressiewe neigings deur Stalin wat na Europa wou uitbrei, het Koue Oorlog-spanning geskep (Bron 1B)
- Turkye en Griekeland het daarop aanspraak gemaak dat hulle onder erge Sowjet-druk geplaas is wat hulle oorlewing bedreig het (Bron 1C)
- Daar is by Amerika gepleit om tot die redding van daardie lande te kom (Griekeland en Turkye) (Bron 1C)
- Amerika het ekonomiese hulp (Marshall-plan) asook militêre maatreëls (Truman-leer) gebruik om kommunistiese partye se oorheersing in sommige Europese lande te keer (eie kennis)
- Kommunisme is beskou as 'n bedreiging wat korrupsie oor drie kontinente sou versprei (Bron 1C)
- Die bedreiging van kommunisme sou die vryheid wegneem wat mense na die Tweede Wêreldoorlog verkry het (Bron 1C)
- Kommunisme is beskou as 'n bedreiging vir enige hoop op ekonomiese herstel in Europa (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het die Europese Herstelprogram ('ERP') verwerp wat deur Amerika bekendgestel is/Die Sowjetunie het Oos-Europese state teen aansluiting by die 'ERP' oorreed (Bron 1D)
- Die Sowjetunie het die 'ERP' beskou as 'n uitdaging teen sy invloedsfeer (Bron 1D)
- Die Kominform is gestig om kommunisme in Europa te versprei en om Westerse kapitalisme teen te staan (Bron 1D)
- Stalinisasie van die streek het gevolg – slegs kommunistiese partye is bevorder (Bron 1D)
- Diegene wat teen kommunisme in Oos-Europese lande was, is van ontslae geraak (Bron 1D)
- Kompetisie om die harte en sienswyses van die mense te wen, het tussen Amerika en die Sowjetunie begin (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die verspreiding van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) gelei het, nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die verspreiding van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) gelei het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die verspreiding van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) gelei het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: WATTER IMPAK HET ETNIESE STREEKSVERDELINGS IN ANGOLA GEDURENDE DIE 1970'S OP DIE BURGEROORLOG GEHAD?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*
- 'Die militêre ondoeltreffendheid van die antikoloniale bewegings …' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – L1]*
- Militante nasionalistiese bevrydingsbewegings wat vir onafhanklikheid/eenheid teen kolonialisme/onderdrukkende regimes veg.
- Gewapende politieke organisasie wat vir die vryheid van 'n nasie teen imperialisme veg/onafhanklike
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*
- Die anti-koloniale bewegings was nie 'n formidabele mag teen Portugal nie
- Die Portugese regering was steeds in beheer van die Angolese grense/anti-koloniale bewegings was nie verenig nie
- Die Portugese het verdeeldheid en burgeroorlog in Angola aangemoedig vir voortgesette koloniale beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*
- 'Die ontwikkeling van politieke en ekonomiese magte in Portugal het in alle opsigte die magstruktuur wat vir 40 jaar so goed deur Salazar (Portugese diktator) in stand gehou is, ontgroei.'
- 'Sy opvolger, Marcello Caetano, het verandering belowe, maar het dit nie (of kon dit nie) vinnig genoeg verskaf nie.' (2 x 1) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*
- 'The Popular Movement for the Liberation of Angola'/'(MPLA)'
- 'The National Front for the Liberation of Angola'/'(FNLA)'
- 'The National Union for the Total Independence of Angola'/(UNITA'

(3 x 1) (3)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*
- Die drie vryheidsbewegings was nie ten volle toegewy aan 'n koalisieregering nie
- Die drie vryheidsbewegings het om totale beheer van Angola meegeding
- Hulle was nie almal gewillig om oor hulle ideologiese sienswyses of politieke dominansie te skik nie
- Hulle was verbind aan verskillende buitelandse magte met verskillende ideologiese sienswyses wat 'n koalisie in gevaar sou stel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- '… wou eers Angolese eenheid verkry …'
- '… in Januarie 1975 vir Neto, Roberto en Savimbi byeengebring om oor 'n gemeenskaplike front (standpunt) te onderhandel.'
- 'Hulle het wel die driesydige ooreenkoms (Alvor Ooreenkoms) onderteken …'
- '… toe voortgegaan om 'n ooreenkoms met Portugal te onderhandel …'

(enige 2 x 1) (2)

2.2.4 *[Verduideliking van 'n historiese term in Bron 2B – L2]*

- 'n Tydelike magsdelingooreenkoms wat al drie partye, naamlik die MPLA, die FNLA en UNITA in Angola toelaat om saam te regeer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*

- Die MPLA se hoofondersteuningsbasis was die Mbundu etniese groep wat die noordelike sentrale streke, waar Luanda ook geleë is, bewoon het
- Die MPLA het die ondersteuning van mesticos (gemengde ras) geniet wat meestal in Luanda gebaseer is
- Die MPLA het die seehawe en belangrike nywerheidsgebied in Luanda beheer – wat dit dus meer ekonomiese mag gegee het
- Luanda was die hoofstad van Angola waar die administrasie van die regering gebaseer sou wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*

- Zaïre (die Kongo) het Angola aan die noordelike kant begrens
- Amerika het uitgebreide steun aan Mobutu deur die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') en Roberto verleen om die Kubane (wat die MPLA gesteun het) uit Angola te dryf
- Zaïre (die Kongo) het met die Bakongo etniese groep in die noorde geïdentifiseer en het die basis van die FNLA gevorm
- Zaïre (die Kongo) en die FNLA was beide finansieel en militêr afhanklik van Amerika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 2C – L3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Dit is 'n kaart van Angola wat geografiese insig oor die gebiede gee wat deur die etniese groepe bewoon is wat die basisse vir die vryheidsbewegings gevorm het
- Die kaart verteenwoordig die verdelings van etniese groepe in Angola voordat die burgeroorlog geëindig het
- Dit toon hoe die ekonomiese ruggraat van Angola, Luanda, strategies geleë was om deur die MPLA beheer te word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 *[Vergelyking van Bron 2B en 2C om ooreenkomste te bepaal – L3]*

- Bron 2B beweer dat die drie vryheidsbewegings kenmerkende etniese basisse gehad het en Bron 2C toon streke wat deur verskillende etniese groepe bepaal is
- Bron 2B beweer dat die MPLA 'n stedelike beweging was Bron 2C toon dat Luanda, die hoofstad van Angola, in die MPLA-Mbundustreek was
- Beide bronne toon hoe die drie etniesgebaseerde bevrydingsbewegings geografies verdeeld was – wat uiteindelik burgeroorlogkonflik beïnvloed het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – L1]*

- ' … om sosiale en etniese verdelings onder die nasionaliste bloot te stel en in stand te hou …'
- '… gedurig ooreenkomste met een beweging, tot nadeel van die ander, aangegaan …' (2 x 1) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Deur die betrokkenheid van buitelandse magte in die ondersteuning van die drie vryheidsbewegings volgens ideologiese sienswyses
- Die drie Angolese vryheidsbewegings het fokus op die onafhanklikheid van hulle land verloor en is as pionne deur mededingende Koue Oorlog-magte (Amerika en die Sowjetunie) gebruik
- Die Angolese burgeroorlog was vrugbare grond vir Koue Oorlog-konflikte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – L1]*

- '… antagonisme (haat) …'
- '… verdelings van operasionele gebiede …' (2 x 1) (2)

2.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Die MPLA is deur die Portugese koloniale regering gesteun
- Die MPLA was die party aan wie politieke mag deur die Portugese koloniale regering oorhandig is toe hulle in 1975 uit Angola onttrek het
- Die MPLA is gesteun deur die mesticos (gemengde ras) wat bloedbande met die Portugese gehad het
- Die MPLA se ondersteuningsbasis van mesticos wat in Luanda (hoofstad) gebaseer was, is beskou as middel- of hoër klas in vergelyking met die landelike ondersteuningsbasis van die FNLA en UNITA
- Enige ander relevante bron (enige 1 x 2) (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bron – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Alhoewel die drie vryheidsbewegings aan nasionalisme geglo het, het hulle nie saamgewerk nie (hulle was verdeeld) as gevolg van verskillende etniese basisse (Bron 2A)
- Drie hoof- etniese groepe, (Bakongo, Mbundu en Ovimbundu) het die fondasies gevorm van die drie hoofvryheidsbewegings, naamlik die FNLA, die MPLA en UNITA onderskeidelik (Bron 2A)
- Die Portugese regering se skielike vertrek (onttrekking) het plek gelaat vir wedywering onder die drie etniese groepe (Bron 2A)
- Die verdeelde etniese groepe kon nie saamwerk nie en dus het die Alvor-ooreenkoms nie daarin geslaag om die burgeroorlog te keer nie (Bron 2B)
- Die koalisieregering, gedwing deur die Organisasie vir Afrika-eenheid, kon nie die burgeroorlog keer wat deur etniese verdeeldheid geskep is nie (Bron 2B)
- Die ekonomiese hartklop van Angola (Luanda) was hoogs betwis deur die drie vryheidsbewegings (eie kennis)
- Die ingryping van die buitelandse magte in die Angolese burgeroorlog het die etniese groepe en Angola verder verdeel (Bron 2C en eie kennis)/
- Die geografiese ligging van die drie hoof- etniese groepe het die geleentheid vir verskille in Angola geskep wat tot die uitgerekte burgeroorlog gelei het (eie kennis)
- Die sosiale en etniese verdeeldheid wat deur die kolonialiste geskep is, het gelei tot 'n gebrek aan samewerking en vyandigheid onder die drie leiers van die vryheidsbewegings (Bron 2D)
- Die drie leiers van die vryheidsbewegings kon nie daarin slaag om saam te werk vir die onafhanklikheid van Angola nie (Bron 2D)
- Kenmerkende etniese streeksverdeeldhede het steeds in Angola voorgekom nadat dit onafhanklik geword het (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van die impak wat etniese streeksverdelings in Angola gedurende die 1970's op die burgeroorlog gehad het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van die impak wat etniese streeksverdelings in Angola gedurende die 1970's op die burgeroorlog gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van die impak wat etniese streeksverdelings in Angola gedurende die 1970's op die burgeroorlog gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: HOE HET REGERINGSOWERHEDE IN ALABAMA IN 1963 TYDENS DIE BIRMINGHAM-VELDTOG DIE GEWELDLOSE KINDEROPTOG HANTEER?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- 'Agtien onopgeloste bomaanvalle in swart woonbuurte tussen die laat 1950's en 1963…' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Definisie van 'n term in Bron 3A – L1]*

- Individue wat aktief deelneem aan die burgerlike en politieke lewe van hulle gemeenskap/samelewing/land
- Individue wat veg om die regte van mense teen staatsoortredings te beskerm
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Hy was die leier van die Burgerregtebeweging – wat teen segregasie deur die Amerikaanse regering gekant was / 'n bedreiging vir die Amerikaanse regering.
- Om verdere kommunikasie tussen dr. King en burgerregte-aktiviste te voorkom
- Om ander burgerregte-aktiviste te intimideer en te voorkom dat die Birmingham-veldtog plaasvind
- Om ondersteuning van die Burgerregtebeweging te verswak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- 'Meer as 900 van hulle is daardie dag gearresteer.'
- '...polisie die Sixteenth Street Baptist Church, met 'n duisend betogers binne-in, afgesper (geblokkeer) het..'
- '… aangerand met brandslange, met die druk só gestel dat dit bas van bome kon afstroop'
- '… voor die voet (willekeurig) geslaan …'
- '… deur polisiehonde aangeval' (enige 2 x 1) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- '… geweldloosheid verwerp
- '... teen hulle onderdrukkers betoog (2 x 1) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- SEGREGASIE MOET VERDWYN
- Die Stadsbeamptes WIL NIE met kinders PRAAT NIE
- MOENIE IN GESEGREGEERDE St John County KOOP NIE (enige 2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*
**Want Martin Luther King Jr.**

- Was die leier van die Burgerregtebeweging en 'n rolmodel vir die jeug
- Was een van die hoofrolspelers in die beïnvloeding van die Kinderoptog
- Gepleit vir hulle geweldlose manier van protesteer/betoog
- Die kinders en jongmense geïnspireer wat aan die Kinderoptog deelgeneem het
- Sy teenwoordigheid het die aandag van die Amerikaanse nasie gevestig op polisiewreedheid in Birmingham, Alabama
- Sy teenwoordigheid het media-aandag na die Birmingham-veldtog gelok
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun – L3]*

- Bron 3A beweer dat adolessente en kinders gewerf is om in Mei 1963 aan die Kinderoptog deel te neem en Bron 3B toon kinders wat aan die Optog deelneem/ Beide bronne vermeld dat kinders aan die optog deelgeneem het.
- Bron 3A verwys na die Kinderoptog wat plaasgevind het nadat dr. King uit die tronk vrygelaat is en Bron 3B toon dr. King saam met die protesterende kinders tydens die Opto optogte/ Beide bronne dui aan hoe Dr. King aan die protes deelgeneem het.
- Beide bronne beeld die geweldlose aard van die betoging/protes uit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – L1]*

- '… Ek was nie senuweeagtig of bang nie.'
- 'Ons het by die Sixteenth Street Church begin.'
- 'Ons het altyd gesing wanneer ons die kerk verlaat het.'
- 'Die sang was soos 'n gejubel (vreugdevol sing).'
- 'Dit was vrymaking (verlossing) … dit het jou ook kalmte en gerusstelling gegee.'
- 'Ons het afbeweeg … by Kelly Ingram Park en ongeveer 'n halwe blok gestap.'
- 'Die polisie het ons toe in vangwaens gelaai.'
- 'Daar was baie kinders, maar ek dink ek was die jongste kind daarbinne.'

(enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2]*
**Die polisiemanne wou:**

- Optree asof hulle met haar simpatiseer (Audrey Faye Hendriks)
- Audrey Faye Hendriks intimideer om besonderhede oor die Kinderoptog te onthul/Besonderhede oor die organiseerders van die Kinderoptog te bekom
- Om inligting oor die besonderhede van die Birmingham-veldtog te bekom
- Om te glo dat Faye te jonk en naïef was om aan die optog deel te neem.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – L1]*

- 'Ons het in klein kamertjies met stapelbeddens geslaap … ongeveer twaalf van ons in 'n kamer.'
- 'Die kos was nie tuisgemaak nie.'
- 'Ek onthou 'grits' (gemaalde mieliemeelpap) en dit was nie lekker nie.'
- 'My ouers kon vir sewe dae nie 'n woord met my praat nie.' (enige 1 x 1) (1)

3.4.4 *[Bepaling van die beperkinge van Bron 3C – L3]*
**Die bron is BEPERK want:**

- Audrey Faye Hendriks was net 9 jaar oud toe die gebeurtenis plaasgevind het (te jonk om alles te onthou)
- Die onderhoud is in 1995 gevoer, 32 jaar ná die gebeurtenis – haar geheue kon vervaag het
- Dit kan 'n bevooroordeeld bron wees – Audrey Faye Hendriks gee slegs die perspektief van die betogers/Kennedy het simpatiseer die verloop van die Burgerregte Beweging[1]
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- '… die nasie …'
- '… die wêreld' (2 x 1) (2)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Gloria Clark het geïmpliseer dat sy ontsteld was oor die wyse waarop vreedsame betogers met geweld deur die Birmingham-polisie behandel is
- Sy was geskok oor die diskriminerende houding van Bull Connor teenoor swart Amerikaners wat gedurende die Birmingham-veldtog betoog het
- Gloria Clark was geaffronteer deur Bull Connor se minagting van die Amerikaanse Konstitusie wat die regte van alle Amerikaanse burgers beskerm
- Sy sou voortgaan om vir burgerregte te veg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Verduideliking van 'n term in Bron 3D – L2]*

- Dit verwys na die oopmaak van openbare fasiliteite vir alle rassegroepe as gevolg van die pogings van die betogers wat aan die Birmingham-veldtog deelgeneem het
- Die proses om segregasie- (diskriminerende) wette in Amerika te herroep as gevolg van die burgerregte-optogte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Die gewelddadige gevolge in Birmingham, Alabama, het die Minister van Justisie, Robert Kennedy, oortuig om die proses van verandering in Amerika te bespoedig
- Robert Kennedy het gevoel dit was belangrik om die kwessie van burgerregte in Amerika te prioritiseer (eerste te stel)/Kennedy was simpatiek teenoor die saak van die Burgerregtebeweging.
- Die Birmingham-veldtog het Robert Kennedy oortuig dat segregasie in Amerika tot 'n einde moes kom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

*Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:*

- Birmingham (Alabama) is as een van die mees rassistiese stede in Amerika beskou (Bron 3A)
- Burgerregte-aktiviste het besluit om teen polisiewreedheid en bomaanvalle in Birmingham te betoog/protesteer (Bron 3A)
- The Birmingham-veldtog is teweeggebring om aandag te vestig op die integrasiepogings van swart Amerikaners in Birmingham, Alabama (eie kennis)
- Dr. Martin Luther King Jr. is in hierdie tyd in die tronk gesit, maar hy het by burgerregte-aktiviste aangedring om nie op te gee nie (Bron 3A)
- Die Kinderoptog is georganiseer om ondersteuning vir die Burgerregtebeweging deur die Birmingham-veldtog te vergroot (Bron 3A)
- Kinders en jongmense wat aan die Kinderoptog deelgeneem het, het nie opgegee nie selfs toe hulle deur polisiehonde aangeval is en brandslange op hulle oopgemaak is nie (Bron 3A)
- President Kennedy het beveel dat 3 000 Amerikaanse weermagtroepe na Birmingham gaan om burgerregte-aktiviste te beskerm (Bron 3A)
- Kennedy het ook die Alabama Garde ('Guard) gefederaliseer (desentraliseer) om te voorkom dat Goewerneur Bull Connor sake in eie hande neem (Bron 3A)
- Dr. Martin Luther King Jr. het by die kinders wat aan die Kinderoptog deelgeneem het, aangesluit om hulle te inspireer (Bron 3B)
- Die kinders het plakkate gedra wat aangedui het dat segregasie in Birmingham moes eindig (Bron 3B)
- Studente aan hoërskole, kollege en elementêre skole is opgelei in die gebruik van geweldlose taktieke (eie kennis)
- Die Kinderoptog is op 'n geweldlose wyse uitgevoer volgens die filosofie van geweldloosheid (eie kennis)
- Sommige kinders, soos Audrey Faye Hendriks, is deur die Birmingham-polisie ondervra wat besonderhede oor die Birmingham-veldtog wou hê, maar hulle het vasgestaan (Bron 3C)
- Die toestande waarin die kinders in polisieselle aangehou is, was uiters swak omdat hulle in oorvol vertrekke aangehou is, maar hulle het vasgestaan/Diegene wat gearresteer was, is nie besoekregte van familielede toegelaat nie.(Bron 3C)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Liberale wit Amerikaners was vasbeslote om teen die Alabama Goewerneur, Bull Connor, se diskriminerende houding te veg (Bron 3D)
- Veranderinge is in Birmingham ingebring, soos middagete-toonbanke en ander fasiliteite wat desegregeer is (Bron 3D)
- In reaksie op hierdie veranderinge het daar verdere geweld in Birmingham opgevlam (eie kennis)
- President Kennedy het besluit om die kwessie van burgerregte te prioritiseer (Bron 3D)
- Die Amerika Hooggeregshof het op 20 Mei 1963 bevind dat die segregasiebevele in Birmingham onkonstitusioneel was (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe regeringsowerhede in Alabama in 1963 tydens die Birmingham-veldtog die geweldlose Kinderoptog hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe regeringsowerhede in Alabama in 1963 tydens die Birmingham-veldtog die geweldlose Kinderoptog hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe regeringsowerhede in Alabama in 1963 tydens die Birmingham-veldtog die geweldlose Kinderoptog hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet 'aandui óf hulle met die stelling **saam stem óf nie saam stem nie** dat die strategieë van die Amerikaanse weermag toegepas het daarin **kon slaag of nie** om 'n klein, toegewyde weermag van Viëtkong-gerillas tydens die Viëtnamoorlog tussen 1962 en 1973 te verslaan nie. Kandidate moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun. Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun word.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur **met die stelling saam te stem of nie** dat die strategieë van die Amerikaanse weermag toegepas het daarin **kon slaag of nie** om 'n klein, toegewyde weermag van Viëtkong-gerillas tydens die Viëtnamoorlog tussen 1962 en 1973 te verslaan nie. Kandidate moet 'n kort beskrywing gee van die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argument te ondersteun. Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun word.

UITBREIDING

- Verdeling van Noord- en Suid-Viëtnam – Amerika se eerste ingryping in Suid-Viëtnam – stuur wapens en militêre raadgewers teen die Viëtkong (Viëtnamese kommuniste) (agtergrondinligting)/Domino teorie/Beleid van Inperking
- Amerika het die 'Safe Village'-beleid/Hamlet-strategie/'Villagisation' (hervestiging van mense in nuwe dorpe) ingestel – probeer om guerrillas van die dorpenaars te isoleer/skei/ Veilige Dorpie-('Safe Village')beleid het misluk want die Viëtkong het in dorpies gefunksioneer
- President Johnson het die Golf van Tonkin-insident en oplossing (1964) gebruik as 'n verskoning vir die eskalering van die weermag
- Amerika het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog was nie
- Amerika het op 8 Maart 1965, 3 500 'marines' (soldate) en grondtroepe na Viëtnam gestuur
- Operation Ranch Hand (1962–1971) – gebruik van chemiese ontblaringsmiddels (Agent Orange om die woud te vernietig) – en Agent Blue (om landbouprodukte en kos te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- President Johnson het Operation Rolling Thunder in Maart 1965 ingestel om die Viëtkong vinnig te elimineer – ondoeltreffendheid van konvensionele strategie in teenstelling met onkonvensionele guerrilla-oorlogvoering (Ho Chi Minh-roete)
- Gebruik van chemiese wapens, bv. Napalm-gas het Amerika ongewild gemaak en baie lande het Amerika veroordeel – het die meeste skade aan die omgewing verrig
- Viëtkong het met die Tet Offensief (Januarie 1968) gereageer – verrassingsaanvalle (hinderlae) op 100 Amerikaans-beheerde stede

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Aantal Amerikaanse soldate wat dood is, het toegeneem – lei tot anti-oorlogoptogte in Amerika
- Probleme om guerrillas van dorpenaars te onderskei – boere/kleinboere (guerilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong)
- Hoogs doeltreffende gebruik van guerilla-taktiek deur die Viëtkong
- Amerika stuur jong, onervare soldate na Viëtnam
- Amerika gebruik Soek-en-Vernietig-(Search and Destroy)beleid om dorpies wat die Viëtkong ondersteun, te vernietig – deur guerilla-taktiek verwar
- Amerikaanse gruweldade en My Lai-massamoord (Maart 1968) het openbare mening teen Amerika gedraai – dit het tot 'n groot aantal burgerlike sterftes gelei, wat tot meer steun vir die Viëtkong gelei het
- Noord-Viëtnam het militêre steun by die Sowjetunie en China gekry – sodat die Viëtminh en Viëtkong tot moderne wapens gehad het
- Guerilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur die Viëtminh uit die noorde en hulle het taktieke gebruik soos fopstelsels, tref-en-hardloop, sabotasie en ondergrondse tonnels – nou/smal vir die Viëtkong-liggaamstruktuur, maar nie vir die groot Amerikaanse soldate nie
- Die Viëtkong het hulle ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die Amerikaanse soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hulle land
- Viëtnamisasie: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam vorendag gekom. Dit is ook WHAM (Winning the Hearts and Minds of the Viëtnamese) genoem en dit het Amerika se onvermoë om te keer dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word en die daaropvolgende onttrekking, aangedui
- Amerika het alle troepe teen 1973 onttrek (President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Parys Vredesooreenkoms onderteken – wat die Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog beëindig het)
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem
- Viëtnam was onder kommunistiese beheer
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SYNOPSIS

Kandidate moet krities die doeltreffendheid van Mobutu Sese Seko se politieke en ekonomiese beleide in die ontwikkeling van die Kongo nadat onafhanklikheid van Belgiese koloniale heerskappy in die 1960s bespreek. Die kritiese bespreking moet 'n gebalanseerde siening bied deur aan te dui waar die beleid **doeltreffend of ondoeltreffend** was in die ontwikkeling van die Kongo in die 1960's. Hulle moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem wat 'n gebalanseerde siening bied oor die doeltreffendheid van Mobutu se politieke en ekonomiese beleide in die ontwikkeling van die Kongo in die 1960's. Hulle moet een of meer voorbeelde gee van **wanneer die beleide doeltreffend en wanneer dit ondoeltreffend** was in die ontwikkeling van die Kongo in die 1960's.

### UITBREIDING

### Politieke beleide

- Koloniale nalatenskap: Paternalisme – Kongolese is soos kinders behandel – het geen verantwoordelikheid in die administrasie of verteenwoordiging in die regering gehad nie/België het nie voorberei vir die behoorlike oorgang van nuwe leierskap om oor te neem nie (agtergrondinligting)
- Die Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklikheid verkry met Kasavubu as President en Lumumba as Eerste Minister. Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat is terwyl Lumumba ten gunste van 'n sterk sentrale nasionale regering was
- Die nuut onafhanklike Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin, bv. Tshombe het gefokus op die afskeiding van Katanga vir hulle eie onafhanklikheid – 'n teken dat daar 'n behoefte aan sterk politieke beleide was (ondoeltreffend)
- Mobutu het in 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n coup d'état (ondoeltreffend)
- Hy het outoritarisme toegepas om politieke stabiliteit te verkry (doeltreffend/ondoeltreffend)
- Mobutu het in 1967 daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer en sy land 'n nuwe konstitusie as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR), gegee (doeltreffend/ondoeltreffend)
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk (outoritaristies) (ondoeltreffend)
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel/ideologie van (Mobutuïsme) – selfgesentreerde leierskap (ondoeltreffend)
- Mobutuïsme het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself as 'n militêre diktator gemaak (ondoeltreffend)
- Mobutu is deur die VSA bygestaan omdat hy as 'n antikommunistiese bondgenoot beskou is (doeltreffend/ondoeltreffend)
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkome beheer (doeltreffend/ondoeltreffend)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoolde plaaslike mense vervang is, gevolg (doeltreffend/ondoeltreffend)
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide**

- Koloniale nalatenskap: Uitbuiting – Belgiese welvaart gebaseer op die uitbuiting/ontginning van katoen, rubberplantasies en myne (koper, tin en diamante) deur koloniale maatskappye; winste uit minerale (myne) gebaseer op uitbuiting van Kongolese werkers/Teen onafhanklikheidswording is die Kongo beskou as uiters welvarend, maar die ekonomiese rykdom is deur buitelandse eienaars besit (as agtergrondinligting)
- Mobutu het 'n koloniale, kapitalistiese ekonomie geërf (ondoeltreffend)
- Ekonomie in die hande van wit setlaars en buitelanders (ondoeltreffend)
- 'n Ekonomie ryk aan natuurlike hulpbronne: koper, kobalt, diamante, en ander materiale wat op buitelandse belegging gebaseer was (ondoeltreffend)
- Hy het nasionalisasie ingestel: Mobutu het die land se kopermynboubedryf genasionaliseer en die winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10 jaar-industrialisasieplan te finansier (doeltreffend)
- Maatskappye genasionaliseer wat deur buitelanders besit is sonder vergoeding (doeltreffend)
- Buitelandse maatskappye is onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas (ondoeltreffend)
- Het Zaïrenasie ingestel (vervang buitelanders met Zaïrese burgers) – bemagtig plaaslike mense en draai paternalisme om) (doeltreffend/ondoeltreffend)
- Zaïrenasie het tot korrupsie, diefstal en wanbestuur gelei (ondoeltreffend)
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (ondoeltreffend)
- Swak ekonomiese beleide het gelei tot agteruitgang in die toestand van infrastruktuur, soos paaie, ens. (ondoeltreffend)
- Mobutu het 'n kleptokrasie ontwikkel – waar aangestelde aangewese amptenare hulle posisies vir finansiële gewin misbruik het (ondoeltreffend)
- Mobutu is gedwing om 'n retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel (ondoeltreffendheid van Zaïrenasie)
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer (ondoeltreffend)
- Die Kongo se ekonomie het in duie gestort (ondoeltreffend)
- Die Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en belegging, bv. van die Wêreldbank (ondoeltreffend)
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SYNOPSIS**
Kandidate moet verduidelik dat die Swartmagfilosofie suksesvol was om eietrots (selftrots) en dryfkrag (moed) by swart Amerikaners te kweek om gedurende die 1960s en die 1970s te toon of segregasie en polisiewreedheid in die Verenigde State van Amerika in **n groter of minder groter mate** konfronteer was. Hulle moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate die Swartmagfilosofie suksesvol was om eietrots (selftrots) en dryfkrag (moed) by swart Amerikaners te kweek om gedurende die 1960s en die 1970s ten opsgte van n **groter of minder groter** segregasie en polisiewreedheid in die Verenigde State van Amerika te konfronteer. Hulle moet in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

**UITBREIDING**

- Toestande in die VSA: Jim Crow-wette, swak sosio-ekonomiese status, stadige pas van verandering, polisiewreedheid (agtergrondinligting)
- Swartmagfilosofie verkondig: self-trots onder swart Amerikaners deur 'n gevoel van selfgelding, selfstandigheid, swart trots, beheer van politiek in eie gemeenskappe te bevorder (verkondig deur Stockley Carmichael); swart Amerikaners moes hulleself teen polisiewreedheid beskerm; swartes moes vryheid van wit mag nastreef; bevordering van Afrohaarstyl en Afrika-kleredrag en het die slagspreuk 'Black is beautiful' uitgedink' (slaag daarin om minderwaardigheidskompleks uit te wis en om selftrots en moed te kweek)

**Bydrae deur Malcolm X**

- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n selfverdedigingsmiddel teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het (kweek moed en selftrots)
- Hy bevorder gewapende selfverdediging teen wit oorheersing (kweek selftrots)
- Hy het geredeneer dat bloedvergieting vir rewolusie (swart nasionalisme) nodig was en hy het selfrespek en selfdissipline (militant) verkondig (kweek moed)
- Bevorder die konsep van Black Pride ('Self Trots/selfagting/selfrespek/self-help) (selfbemagtiging)
- Moedig swart Amerikaners aan om hoe ook al teen wit Amerikaanse owerhede op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid (kweek moed en selftrots)

**Bydrae deur Stokely Carmichael**

- Stokely Carmichael het geglo dat die geweldlose strategie misluk het as gevolg van die geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het
- Het die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners verkondig (kweek moed)
- Hy bevorder die idee om die VSA in twee aparte swart en wit state te verdeel
- Hy was teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Bydrae deur Bobby Searle en Huey Newton (Black Panther-party)**
- In 1966 het Bobby Seale en Huey Newton die Black Panther-party (BPP) vir Selfverdediging teen Polisiewreedheid gestig (slaag daarin om swart Amerikaners aan te moedig om dapper te wees en selftrots te hê)
- BPP se Tienpuntplan sou selftrots kweek in swart Amerikaners se sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte wat geformuleer is vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap
- BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid in die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei (kweek selftrots)
- BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien (kweek selftrots)
- BPP-lede het strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite - polisieer die polisie (selftrots en moedte moniteer) en om hulle teen polisiewreedheid te beskerm – teken van moed op menseregte gebaseer
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig word – selfaanvaarding en verwydering van minderwaardigheidskompleks (kweek selftrots)

**Bydrae deur Gemeenskapsprojekte**
- Gemeenskapsprogramme/-projekte – Die BPP het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgewis en leer in skole verbeter (kweek selftrots)
- **Gevolge/Resultate** – Swart Amerikaners is tot openbare poste verkies (kweek selftrots)
- Behuising en fasiliteite van swart Amerikaners is verbeter (kweek selftrots)
- Swart geletterdheid het verbeter en afhanklikheid van staatstoelaes is beperk (kweek selftrots)
- Regstellende-aksie-beleide vir federale indiensneming is ingestel
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African